Module
Kwartaal 2
Jaar 2

Naam en Van: _____

Jaar: 2.____

Onderwyser: _____

Lees 'n kortverhaal

'n Kortverhaal is 'n kort storie wat 'n mens vinnig lees.

'n Titel is die opskrif of die naam van die storie. Dit vertel ons meer oor dit wat ons gaan lees.

Kyk vinnig na die titel van die storie wat julle nou gaan lees.

- Wat dink jy beteken die titel?
- Waaroor dink jy gaan die storie?
- Wat kan jy aflei uit die prente?
- Lyk dit vir jou na 'n interessante storie? Gee redes vir jou antwoord.

Wanneer jy die volgende storie lees:

- dink na oor hoe die mense in die storie voel
- dink ook hoe die storie jou laat voel.

Het jy geweet?

Tongknopers warm 'n mens se tong op.
Dit help jou as jy hardop moet lees.
Lees die volgende tongknoper so vinnig as jy kan.
Wie weet waar **W**illem **W**outer woon?
Willem **W**outer woon waar **W**ies wasgoed was.



Net betyds

Lennie hou nie van skool nie. Almal terg hom omdat hy altyd laat is.

Hy staan te laat op in die oggende.
Hy kom te laat by die skool aan,want
dit reën so baie en hy hou nie daarvan
om nat te word nie.
Hy werk te stadig en gee sy werk
te laat in.
Hy dwaal rond gedurende pouses
en kom dan te laat by sy klas aan.



Almal noem hom al ou Lennie Laat.
Dit maak hom baie ongelukkig.

Een reënerige dag, net na pouse, glip hy weg en klouter die koppie agter die skool uit. Hy hou daarvan om alleen daar bo onder die oorhangrots te gaan sit en dink. Dis stil en hy kan ver oor die vallei uitkyk tot daar waar die son ondergaan. Dan vergeet hy van almal se tergery en spottery.

Hy maak sy oë toe en verbeel hom hy is in 'n wonderwêreld waar niemand hom spot nie.

Skielik hoor hy 'n snaakse geluid. 'n Geluid wat hy nog nooit vantevore gehoor het nie. Dit klink soos iets wat kraak of breek.

Hy dink aan die groot dam bo-op die koppie waar hy altyd gaan visvang. Dis reg bokant hom! Die skool is net onder hom!

Lennie spring op en hardloop so al wat hy kan teen die koppie af. Hy val en struikel. Dan spring hy op en hardloop weer.

Toe hy by die hek van die skool kom skree hy: "Die dam se wal is besig om te breek. Gee pad!"

Hy hardloop tot by die hoof, meneer Smit,se kantoor en skree sover as wat hy gaan. "Gee pad! Gee pad! Die wal breek!"

Meneer Smit het nie 'n oomblik geaarsel nie. "Hardloop so vinnig as wat julle kan," skree die hoof sodat almal hom hoor. "Los alles net so en hardloop so vinnig as wat julle kan!"

Almal spring op en hardloop om uit die water se pad te kom. Hulle was net betyds.



'n Ruk later toe die skool weer reggemaak is roep meneer Smit vir Lennie verhoog toe. "Kinders, vandag sê ons baie dankie vir Lennie wat ons almal se lewens gered het. Lennie het ons net betyds gewaarsku. As dit nie vir hom was nie, was ons vandag almal dood."

Van daardie dag af was Lennie altyd betyds.

Vrae

1. Wat beteken die volgende woorde? Gebruik 'n woordeboek indien nodig.
   "oorhangrots", "wonderwêreld", "struikel", "geaarsel", "net betyds"
2. Hoeveel keer word Lennie se naam in die leesstuk gebruik?
3. Laat gly jou oë oor die leesstuk en soek al die woorde wat begin met 'n "l". Hoeveel kry jy?
4. Hoeveel woorde begin met 'n "s"?
5. Hoe dink jy het Lennie gevoel toe die ander kinders hom geterg en gespot het?
6. Het iemand jou al ooit geterg? Waaroor was dit en hoe het jy gevoel?
7. Het jy al iemand geterg of geboelie? Hoe het jy agterna gevoel?
8. Maak jou boek toe en vertel vir jou maat die storie. Ruil om en vertel dit weer.

Het jy geweet?

- Alle lewende dinge het water nodig.
- 'n Tsunami is 'n reuse golf. In 2004 het meer as 230 000 mense gesterf as gevolg van 'n tsunami.



Flou grappie

Stem oor die foon: Lennie kan nie vandag skooltoe kom nie.
Skoolhoof: Wie praat?
Stem: Dis my pa wat praat.

Antwoorde: Kortverhaal- Net betyds

1. _____

_____

2. _____

_____

3. _____

_____

4. _____

_____

5. _____

_____

6. _____

_____

7. _____

_____

Lees 'n inligtingsteks (nuusberig)

In 'n koerantberig kry ons inligting oor iets wat gebeur het.

Wie in julle huis lees koerant? Hoekom?

Wanneer 'n mens 'n nuusberig in 'n koerant lees moet 'n mens goed konsentreer. Hoe meer 'n mens konsentreer, hoe beter onthou jy wat jy gelees het. Iemand wat nie goed konsentreer nie, lees stadig en vergeet maklik wat hy of sy gelees het.

Oefen nou om goed te konsentreer wanneer jy die volgende koerantberiggies lees.

Begin deur eerste na die opskrifte en die prente te kyk. Waaroor dink jy gaan die twee beriggies?

Het jy geweet?

As jy 'n miljoen velle koerantpapier op mekaar stapel, sal dit 32 verdiepings hoog wees.

Flou grappie

Wat kry jy as jy 'n papegaai met 'n duisendpoot kruis?

'n Walkie-talkie

Papegaai ken sy adres



Polien die papegaai is nie dom nie. Toe hy verdwaal het, kon hy aan sy redders sê wat sy naam en adres is.

Polien se eienaar, Willemien, het met hom in hulle tuin gesit toe hy skielik besluit het om 'n entjie te gaan vlieg.

"Ons het drie dae lank na Polien gesoek, maar ons kon hom nêrens kry nie. Ons het gedink hy het verdwaal!" het Willemien gesê.

Intussen het die polisie vir Polien gekry en na 'n veearts toe geneem.

"Aan die begin was hy bietjie skaam. Na omtrent tien dae het hy skielik begin sing," het die veearts gesê. "Hy het oor en oor die volgende woorde gesing:"

"Ek is Polien van Skoolstraat nommer tien!
Ek is Polien van Skoolstraat nommer tien!"

Toe kon die veearts Polien terugneem na Willemien toe. Willemien sê dit het Polien omtrent 'n maand geneem om sy naam en adres te leer.

Het jy geweet?

Sommige papegaaie dans wanneer hulle vrolike popmusiek hoor.

Die modebewuste jakkals

Wie hou nou van ander mense se stink skoene? Dis wat die mense van 'n klein vissersdorpie aan die Weskus gewonder het, toe hulle skoene skielik van hulle stoepe af verdwyn het.

"Ek het gisteraand nog my werkskoene op die stoep gelos om droog te word. Vanoggend was dit skoonveld," het Moegamat gesê.

"Ja, my sandale het ook verdwyn," het sy dogter Rihana gesê. "Almal sê ek het dit iewers vergeet, maar ek het nie. Dit was hier op die stoep!"

Almal was onder verdenking: die bure, stout kinders en selfs rondloperhonde.

Maar toe kry 'n visserman 250 skoene naby 'n gat waarin 'n jakkals woon. Die jakkals was al die tyd die skoendief.

Die skoene is in die dorpie uitgestal en almal kon hulle skoene kom haal.

Het jy geweet

'n Mens kry skoene wat van plastiek, leer, hout, kurk, materiaal, rubber en papirus gemaak word.



Vrae

Papegaai ken sy adres

1. Wie dink jy het vir Polien geleer om sy naam en adres te sing?
2. Was dit 'n goeie plan gewees? Gee 'n rede vir jou antwoord.
3. Waarom dink jy het die polisie vir Polien na 'n veearts toe geneem?
4. As jy 'n troetelpapegaai het, wat sal jy hom leer? Gee redes vir jou antwoord.

Die modebewuste jakkals

5. Waarom dink jy het die mense van die vissersdorpie hulle skoene op die stoep gelos voor hulle in hul huise ingegaan het?
6. Wat dink jy wou die jakkals met die skoene doen?
7. Wat beteken die woorde: "Almal was onder verdenking"?
8. Het jy al ooit 'n klein hondjie gehad wat aan een van jou skoene gekou het? Waarom dink jy doen hulle dit?



Het jy geweet?

Jakkalse is net soos honde. Hulle hou daarvan om aan skoene te kou – veral leerskoene. Hoe stinker die skoen, hoe beter.

Flou grappie

Wat noem mens 'n hond wat in die son lê?

'n Warmbrak.

Antwoorde- Inligtingsteks (nuusberig)

Papegaai ken sy adres

1. _____

_____

2. _____

_____

3. _____

_____

4. _____

_____

Die modebewuste jakkals

5. _____

_____

6. _____

_____

7. _____

_____

8. _____

Informele brief

Die hoofdoel van vriendskaplike briewe is om te gesels! Sulke briewe is dus
- Persoonlik
- Opreg
- Openhartig
- Vriendelik
- Lewendig
- Interessant

Jou brief moet 'n genot wees vir die persoon wat dit ontvang!

ONTHOU:

Maak seker dat jy die vorm van die brief ken!

Moet nooit met 'n vraag soos ***Hoe gaan dit met jou?*** begin nie.

Moenie afsluit met ***Stuur groete*** of ***Ek moet nou gaan*** nie.

Gebruik ***jy*** en ***jou*** as jy aan 'n maat skryf; gebruik ***u*** as jy aan iemand skryf wat jy nie goed ken nie.

Die aanhef hoef nie formeel te wees nie.
ONTHOU: "Liewe Oom", maar "Liewe tannie Anet"

Wilgerstraat 12
DURBANVILLE **(kleinletters as jy dit skryf)**
7550
10 Oktober 2009

(Reël oop)

Beste Anja

Jou eie adres met géén leestekens nie.
Eers die straatnaam en dán die nommer.
Afsender se naam staan nóóit bo-aan nie.

(Reël oop)

Ja, hier skryf ek weer, maar dié keer met goeie nuus. Ek het vandag gehoor dat ek definitief volgende jaar as au pair in Holland gaan werk. Dis so opwindend!

Paragraaf een is die inleiding: gee hier die rede vir jou brief.

(Reël oop)

Nou is daar 101 wat ek voor 10 Januarie moet doen...

...

Die liggaam van die brief brei uit op die onderwerp. (Skryf verder oor wat jy nog moet doen, waar jy au pair-werk gaan doen, ens.)

(Reël oop)

Nou ja, ek moet nou dadelik na die reisagent gaan om my vlug te bespreek. Skryf asseblief gou terug!

(Reël oop)

Slotparagraaf: Bestaan dikwels net uit een of twee sinne en rond die brief af.

Jou vriendin **OF** Beste wense
Elize


Vriendelike Brief
My Adres
Datum
Aanhef
Paragraaf
Afsluiting


Vriendelike Brief
Straat
Dorp
Kode
Datum
Beste/Liewe...
Paragraaf
Skryf een
paragraaf
Van: (jou naam)

Beplan jou brief.



Skryf nou jou brief netjies oor.

Dialoog

'n Dialoog is 'n gesprek tussen twee of meer karakters. Die dialoog vertel vir ons meer oor die karakers se situasie.

Lees 'n dialoog

Tammy : Goeiemôre, wie praat?

Annie : Goeiemôre Tammy, dit is Annie wat praat. Hoe gaan dit met jou?

Tammy : Baie goed dankie. Dit is 'n verassing. Wil jy by my kom speel?

Annie : Nee Tammy. Ek en my gesin gaan vir 'n dag na die strand toe en ek wil weet of jy saam met my wil gaan?

Tammy : Ja asseblief. Dit sal heerlik wees. Wat moet ek saambring?

Annie : Bring jou strandbal, emmer en grafie en sonbrandolie saam. Ek dink dit sal 'n baie warm dag wees.

Tammy : Ek het ook 'n nuwe duikbril en 'n snorkel wat ek saambring. O, ek is baie opgewonde. Ons gaan baie pret hê.

Annie : Ja, ons sal ook die grootste sandkasteel bou. Ons ry omtrent nege-uur en sal jou dan oplaai. Sal jy gereed wees?

Tammy : Ja definitief! Ek sien julle dan later. Totsiens.

Annie : Totsiens Tammy.



Vrae:

1. **Is Tammy Annie se suster?**

2. **Wat neem Tammy na die strand toe?**

3. **Hoe laat laai Annie vir Tammy op?**

Beplan jou eie dialoog!

Naam en Van: _____

Datum: _____

Skryf 'n dialoog oor hoe jy met jou maats gesels. Begin eers met jou beplanning.

_____: _____

_____

_____

_____: _____

_____

_____

_____: _____

_____

_____

_____: _____

_____

_____

_____: _____

_____

_____

_____: _____

_____

Skryf jou dialoog!

Naam en Van: _____

Datum: _____

_____: _____

_____

_____

_____: _____

_____

_____

_____: _____

_____

_____

_____: _____

_____

_____

_____: _____

_____

_____

_____: _____

_____

Teenwoordige tyd



- Ek drink tee.

- My ma werk in die tuin.

- My broer skop die bal.

- Ons werk in die klas.

- Die kinders spring tou.

- Die hond spring op die bank.

- Die kat vang die muis.



- Ek kyk televisie.

Teenwoordige tyd

Teenwoordige sinne het "is" en werkwoorde wat tans afspeel bv. doen, sien en klim daarin.

Skryf sinne met woorde

Voorbeeld: Hy/voel/hande

Antwoord: Hy voel met sy hande.

1) hy/sien/oë



_____

2) ek/loop/voete

_____

3) sy/ruik/neus

_____

4) ek/praat/mond



_____

5) sy/hoor/ore

_____

Voltooi die sinne met woorde van die blokkie.

gooi	teken	skop	speel	luister	verf	kyk	slaan

1) Jan se broer _____ ñ mooi prent.

2) Die seuns _____ ñ bal.

3) Daan _____ graag rugby.

4) Saartjie _____ elke dag televisie.

5) Die maats _____ die kamer blou.

6) My sussie _____ na musiek.

Toekomende tyd



As jy 'n sin in die toekomende tyd wil skryf, is daar 'n paar reëls wat jy moet onthou:

- Gebruik die woord "sal" om aan te dui dat die aksie nog moet gebeur.
- Jou sin moet met die werkwoord eindig.

Byvoorbeeld:

1. Ek drink lekker koffie.
2. Die leerders leer hard vir hulle eksamen.
3. My suster ry op haar perd deur die bos.
4. Ons klas is die slimste in die hele skool.

Antwoord in toekomende tyd:

1. Ek sal lekker koffie drink.
2. Die leerders sal hard vir hulle eksamen leer.
3. My suster sal op haar perd deur die bos ry.
4. Ons klas sal die slimste in die hele skool wees.

Toekomende tyd

Toekomende dinge is dinge wat nog moet gebeur. Ons gebruik woorde soos ''sal'', ''môre'' en ''gaan'' in teenwoordige sinne.

Voorbeeld: Dit is die beste kitaar. (teenwoordige tyd)

Dit sal die beste kitaar wees. (toekomende tyd)

Verander die volgende sinne na die toekomende tyd. Begin elke sin met "Môre sal..."

1) Jana lees ñ boek.

_____

2) Koos vertel ñ grap.

_____

3) Oupa kap die hout.

_____

4) Mamma bak ñ koek.

_____

5) Ek skryf sinne.

_____

6) Die kat jag die muis.

_____



Verlede tyd

As jy 'n sin in die verlede tyd

wil skryf, is daar 'n paar reëls wat jy moet onthou:

- Gebruik die woord "het" in jou sin.
- Las "ge-" vooraan jou werkwoord.
- Plaas die werkwoord aan die einde van jou sin.

Byvoorbeeld:

1. Ek eet heerlike beskuit.
2. Die koor sing elke week in die saal.
3. My broer ry branderplank in die see.
4. My oupa braai vir ons vleis op die vuur.

Antwoord in verlede tyd:

1. Ek het heerlike beskuit geëet.
2. Die koor het elke week in die saal gesing.
3. My broer het branderplank in die see gery.
4. My oupa het vir ons vleis op die vuur gebraai.

Verlede tyd

Vandag (teenwoordige tyd): Die kat <u>sit</u> op die mat.
Gister (verlede tyd): Die kat <u>**het**</u> op die mat <u>**gesit**</u>.
Môre (toekomende tyd): Die kat <u>sal</u> op die mat <u>sit</u>.

Ons begin met die **verlede tyd**.

- Vind die **hoofwerkwoord**.

  Die kat <u>sit</u> op die mat.

- Vervang die **hoofwerkwoord** met **het**.

  Die kat <u>**het**</u> op die mat .....

- Skuif die **werkwoord** met **ge-** na die **einde** van die sin.

  Die kat <u>**het**</u> op die mat <u>**gesit**</u>.

Die '**het**' en die werkwoord aan **die einde van die sin** dui die verlede tyd aan.
Afrikaans het **nie** twee werkwoorde aan die begin van 'n eenvoudige sin nie.

A. Skryf die volgende sinne in die verlede tyd.

1. Die seun **ry** op sy fiets.

   Die seun het ..... .

2. Piet **skop** die bal.

   Piet het ..... .

3. Ek **skryf** 'n brief.

   Ek het..... .

Enkelvoude en Meervoude

Baie selfstandige naamwoorde het ook meervoudsvorme. Meestal hoef mens net 'n –s of 'n –e by 'n woord te las.

Voorbeeld: een man maar baie mans.

Meervoude

Skryf nou hierdie woorde in die meervoud. Doen dit in die tabel. Die eerste een is as voorbeeld vir jou gedoen.

Een (enkelvoud)	Baie (meervoud)
a) mens	Mense
b) eekhoring	
c) neut	
d) stert	
e) land	
f) tonnel	
g) seun	
h) leeu	
i) voorpootjie	
j) lyfie	
k) burgermeester	




Vul die meervoude in.

1. ñ Mens het nie een oor nie, maar twee _____.
2. ñ Mens het nie net een haar nie, maar baie _____.
3. ñ Mens het nie net een hand nie, maar twee _____.
4. ñ Mens het nie net een tand nie, maar baie _____.
5. ñ Mens het nie net een oog nie, maar twee _____.

Kies die korrekte meervoude van die blokkie.

tasse	winkels	truie	jasse	bestuurders	pette

1. winkel - _____
2. trui - _____
3. bestuurder - _____
4. tas - _____
5. pet - _____
6. jas - _____

Gee die meervoude van die volgende woorde.

1. Een boom, baie _____
2. Een blom, baie _____
3. Een lamp, baie _____
4. Een boek, baie _____

DIREKTE & INDIREKTE REDE

- **DIREKTE REDE**

Susan sê:"Ek gaan môre vir jou kom kuier."

↓

INLEIDENDE GEDEELTE

"Ek gaan môre vir jou kom kuier," sê Susan

↘

tydsaanduidende woord

Uitroep

"O, ek gaan môre vir jou kom kuier," sê Susan

Dubbelpunt :
Aanhalingstekens " " dui die direkte rede aan.

- **INDIREKTE REDE**

1. **Moenie inleidende gedeelte se tyd verander nie.**
   - Susan sê ....
2. **Haal leestekens weg en voeg DAT in.By 'n vraagsin is dit OF**
   - Susan sê **DAT** ... / Susan vra **OF**.....
3. **Verander die VOORNAAM = WOORDE .**
   - Susan sê **DAT sy** môre vir my kom kuier.

Direkte en indirekte rede

Nilah en Kurt praat daaroor dat hulle vir Marmelade en Stinkie na 'n opleidingskool toe wil vat sodat hulle vir kompetisies kan ingeskryf word. Skryf hulle gesprek in die indirekte rede oor op die lyn(e) onder die sin.



"Ek wil vir Marmelade na die opleidingskool toe vat" sê Nilah.

"Hulle leer daar om toertjies te doen" verduidelik Nilah.

"Ek wil dan vir Marmelade vir kompetisies inskryf" sê Nilah.

"Dit klink soos 'n goeie plan" bevestig Kurt.

"Dalk moet ek vir Stinkie ook vat?" vra Kurt.

"Ek vind dan sommer môre by hulle uit" sê Nilah.

Leestekens

Hoofletters

- begin van 'n sin
- dae van die week
- maande van die jaar
- plekke en mense se name

A B C D E F G H I J K L M N O P Q R S T U V W X Y Z

Uitroepteken

- aan die einde van 'n sin
  - ↳ wanneer jy kwaad is
  - ↳ wanneer jy opgewonde is

Vraagteken

- aan die einde van 'n sin
  - ↳ wanneer jy 'n vraag vra

Punt

- wys die einde van 'n sin
- gebruik ook by party afkortings

Komma

- in die plek van **en** in 'n lysie
- voor **want** en **maar**

Leestekens: Teken die volgende leestekens in die gegewe spasies

.	Punt Altyd aan die einde van ñ sin. By afkortings.	Aanhaling
,	Komma Wanneer klomp dinge opgenoem word.	Punt
?	Vraagteken Aan die einde van ñ vraagsin.	Uitroep
!	Uitoepteken Aan die einde van ñ uitroep. Beklemtoon emosie.	Hakkies
“ ”	Aanhalingstekens Word gebruik by direkte rede.	Komma
( )	Hakkies Dui ekstra inligting aan.	

Leestekens:

Lees die volgende gedeelte en vul al die leestekens in wat weggelaat is.

Kyk ook na die woorde wat hoofletters kort.

suretha hou baie daarvan om na diere in die oerwoud te kyk sy hou die meeste van die olifante bokke apies en kleurvolle voëls

wanneer sy eendag grootis wil sy graag as ñ wildbewaarder in die woud gaan werk

die voëls in die woud kom in klomp verskillende kleure en groottes voor

suretha vra: weet jy hoe die verskillende voëltjies met mekaar praat

Skryf die name van die volgende leestekens neer.

?	( )
.	!

Hersien leestekens:

Lees die onderstaande sinne en kleur die korrekte leestekens in, sodat die sin reg lees.

Kan ek by Ben gaan speel ___	**!**	**.**	**?**
Pasop __ Die tou gaan breek.	**!**	**.**	**?**
Sarel en Anna speel in die park__	**!**	**.**	**?**
Juffrou lees vir ons ñ storie__	**!**	**.**	**?**
Hoeveel kinders is in ons klas__	**!**	**.**	**?**
Help___ Ek kan nie swem nie.	**!**	**.**	**?**
Pete en Mandy eet roomys__	**!**	**.**	**?**

Spelling

ei/y

Sommige woorde klink eenders, maar word verskillend gespel. Kyk na die volgende woorde in skuinsgedruk en leer die korrekte spelling daarvan.

Ons eet *rys* en *vleis* en gooi *ys* by ons koeldrank. Pappa *reis* per *trein* en vra vir die *grys* trui se *prys*. Die man *lei* sy donkie, maar *ly* aan 'n siekte.

Oefening:

Kies die korrekte spelling van elke woord in die sinne. Omkring of onderstreep dit.

a) Is die eekhoring se lyfie (grys/greis) of bruin?

b) In die park het Pappa vir ons (roomys/roomeis) gekoop.

c) Katte kan nie net van (rys/reis) lewe nie; hulle het (vlys/vleis) nodig.

d) Ek hou daarvan om (eis/ys) in my koeldrank te gooi.

e) Ons (reis/rys) Saterdag na Durban.